Getuienisse: Die HERDER se Stem.

Opgestel vir : Innie Poorte met Pasta Sarel en bra Ian.

Dierbares, eintlik behoort die onderwerp hierbo te lees ; Moenie jou pêrels voor die swyne werp nie. Of dalk ; Pasop wat jy voor "GROOT CHRISTENE" praat. Wanneer u hierdie klompie getuienisse, rondom dieselfde persoon gelees het, sal u dalk met my saamstem.

In 1995 neem ek 'n afgetrede predikant indiens, 'n pragtige man, lieflike sin vir humor en ook baie goeie musikant, en baie gou is ons twee goeie vriende. Ons gaan gereeld saam koffie drink en ek deel baie getuienisse met hom, maar nooit hoor ek een enkele getuienis van hom nie, behalwe sy vertelling van hoe hy tot die bediening toegetree het. Op 'n dag vra ek hom ; "Gert(skuilnaam), in die 41 jaar dat jy predikant was, het jy seker baie dissipels gemaak, want jy was in baie gemeentes betrokke". Hy kyk my so bietjie onseker aan, lig sy hand op en hou sy regter wysvinger in die lug. "Een" sê hy. "Weet jy, die ou het vreeslik gedrink en het dan altyd in die kroeg baklei, maar na sy bekering, het hy nooit weer in die kroeg baklei nie". "Gert, het jy hom toe, na sy bekering, gedoop?" Hy het my geskok aangekyk ; "Nee Sarel, nooit, ek is nie 'n wederdoper nie. Hy was mos as baba gedoop en, o ja, jy het nou nou gevra of ek ooit dissipels gemaak het. Behalwe die een wat so gedrink het, ek het natuurlik honderde babas gedoop in die 41 jaar op die kansel, so ja, jy kan met reg sê, ek het honderde dissipels gemaak". Ek het stil gebly en niks gesê nie.

Laat my toe om u, net vir 'n oomblik, weer daaraan te herrinner dat ek 'n Pinkster Godsman is en ons glo slegs in die BYBELSE doop van bekeerdes, en volgens Efesiers 4 v 5 is daar net Een HERE, EEN geloof en EEN doop. Die enigste waterdoop wat in GOD'S WOORD beskryf word, is die doop waar mense al volwasse is en self 'n besluit oor die doop neem. As u nog nie hiermee bekend is nie, email my gerus en ek stuur u al die inligting uit GOD's WOORD maar lees solank Handelinge 2 v 38. As gevolg van al die SKRIFTE tov die doop, en geen ten gunste van babadoop nie, kan ek andersdenkendes ongelukkig nie om verskoning vra nie. Ek is 'n dissipel van JESUS, 'n groot gedoopte JESUS, volgens Mattheus 3 v 11 tot 17 en ons gaan eendag voor hierdie groot gedoopte JESUS staan en sal aan HOM verantwoording moet doen. JESUS was ongeveer dertig jaar oud toe hy gedoop is, Lukas 3 v 21 tot 23.

'n Paar aande later droom ek dat ek by my kantoor verbystap. Skielik hoor ek iemand pragtig op 'n saksofoon speel, ek loer deur die venster en sien dis Gert wat dit bespeel. Ek stap verder en skielik hoor ek dat iemand anders nou op 'n trompet saamspeel, maar vreeslike vals klanke voortbring. Ek loer weer by

die venster in en sien die persoon baie duidelik. Hy staan amper teenaan Gert en blaas die trompet met oorgawe, maar dis net vals klanke wat uitkom. Die volgende dag op kantoor vertel ek hom van die man en noem aan hom dat ek dink hy het 'n vriend, wie hy dink 'n baie goeie vriend is, vol van homself, maar daai vriend is nie opreg nie. "Nee wat ou Sarel, al my vriende is baie versigtig gekeur, ek dink jy droom maar baie omdat jy so 'n groot verbeeldingskrag het, as ek luister na al die groot "geestelike" vertellings wat jy het. Hoekom sou jy so dink?" Ek wou eers stilbly maar sê toe ; "Gert, jy speel pragtig op die saksofoon, dit wys vir my na jou opregtheid. Toe kom die vriend, hy staan styf teen jou. Hy speel met oorgawe, blaas sy eie beuel of trompet. Maar hy bring vals klanke voor, nie opreg nie, hy is vals". Gert lag net en bly stil.

Net na 10 die oggend, stap ek na buite en sien 'n man in die ontvangslokaal sit. Ek kon nie glo wat ek sien nie. Dis die man in my droom, die man met die trompet. Ek draai dadelik om en gaan vertel vir Gert. Hy stap agter my aan en gaan voor die man staan. "My genade ou Ben(skuilnaam), waar kom jy vandaan, het jy my kom opsoek?" Ek hoor nie wat hulle verder praat nie , want ek stap uit en wonder maar wat nou in Gert se gedagtes omgaan.

Toe ek later na my kantoor terugkeer, kom Gert dadelik na my toe. "Ou Sarel, nou weet ek regtig wat om te sê nie. Hoe is dit moontlik dat jy een van my vriende in 'n droom kan identifiseer? Mense droom mos nie meer vandag soos in Daniel se tyd nie. Die BYBEL tye is verby. En ek ou Ben gaan nou saam in besigheid, ons het saam 'n droogskoonmakery gekoop, en nou is ek bekommerd". En toe tree ek onwys op, ek het tog al die tekens gesien. Gert was 'n GROOT CHRISTEN maar het nooit 'n persoonlike ontmoeting met JESUS gehad nie. **"BYBEL tye is verby".** *"Gert, kort na my bekering in 1985 was ek op 'n 10 dae vas en bid tydperk. In hierdie tyd het ek DIE HERE gevra om asb persoonlik met my te praat, "man to man", ek wou nie raai of dinge in my eie gedagtes bedink en vertel dit kom van DIE HERE af nie. Ek het in DIE BYBEL gelees dat JESUS na SY dood aan baie mense verskyn het en dat HY, gister, vandag en tot in alle ewigheid dieselfde is, Hebreers 13 v 8, en as sulks glo ek dat hy aan my, soos ook aan Paulus op die Damaskuspad, kon verskyn en met my praat. Toe vra ek HOM om eers met my deur DIE WOORD te bevestig dat dit so kan gebeur en ek maak DIE BYBEL oop by Numeri 12 v 5 tot 8. Daar leer ek dat DIE HERE net met Moses van aangesig tot aangesig praat, maar as ek 'n profeet van DIE HERE wou wees(omdat ek graag wou sê dat DIE HERE aan my bekend gemaak het), sou HY in drome en naggesigte met my praat. Ou Gert, ek het al baie sulke drome en nag en daggesigte gehad. Onthou jy die dag toe ek vir jou gesê het dat jou*

skoonma jou as "my seun" sou aanspreek? Het dit so gebeur, soos ek gesê het?" Gert het baie ongemaklik op die stoel rondgeskuif en my nie in die oë gekyk nie. "Ja Sarel, dit het gebeur, nes jy gesê het".

Op 'n dag het Gert my van sy skoonma vertel, dat sy in die 39 jaar van getroude lewe met haar dogter, hom altyd op sy titel aangespreek het en nooit as haar seun beskou het nie. Eendag het hy, oppad lughawe toe, eers by my aangekom en ek kon sien hy was baie senuagtig en het hom daarna gevra. Toe noem hy dat hy sy skoonma by die lughawe gaan haal en die sou vir ongeveer 'n maand by hulle kom kuier en hy was doodbang dat sy so lank gaan bly. Ek het my hand op sy skouer laat rus en gesê : "Gert, hoor die WOORD van DIE HERE ; Vandag gaan sy jou "Seun' noem en julle gaan lekker kuier". Hy het my baie ongelowig aangekyk en is daar weg. Minder as 'n uur later bel hy my van die huis af, baie opgewonde hierdie keer. "Sarel, ek kan nie glo wat gebeur het nie, my skoonmoeder het haar arms om my gesit en met 'n soen gegroet en my haar "Seun" genoem....wonderlik". Daarna het hulle lekker saam gekuier en 'n nuwe en mooi verhouding het tussen hulle ontstaan. Ek sou gedink het dat Gert, na alles wat gebeur het, en ek het u nie alles vertel nie, hy darem al erkenning sou gee, dat DIE HERE nog steeds met SY kinders praat. Na een so ervaring, kom hy eendag na my en vra my hoe ek die stem van DIE HERE dan hoor. Ek het verduidelik dat sy dienaars HOM hoor, soos skape DIE STEM VAN DIE HERDER hoor, volgens Johannes 10 v 1 tot 13. Ek het probeer om, na die beste van my vermoe, aan Gert te verduidelik dat die mens "geestelike oë en ore" het, en dat ek SY stem in my "gees" hoor. Maar, ek kon duidelik nie tot hom deurdring nie, hy kon nie verstaan nie, want die natuurlike mens verstaan nie die dinge van die GEES nie, 1 Kor. 2 v 14.

Kort hierna, is hy met 'n paar dae verlof weg en het by 'n ander pastoorsvriend van my gaan besoek en hom vertel dat ek 'n skisofreen is omdat ek stemme hoor.

Terwyl ons twee eendag weer gesels het, het DIE HERE my skielik stil gemaak en beveel om NOOIT weer vir Gert te getuig nie, want dit sou wees om pêrels voor die swyne te werp.

Om hierdie storie af te sluit, en dit was ongelukkig nie, "happily for ever after" nie, en daarmee is ek nie sarkasties of ongevoelig nie, want die einde is tragies.....Die goeie vriend Ben het met Gert se vrou verdwyn.

Aan my dierbare vriende, moenie so onwys soos ek wees nie. Wees versigtig wanneer u vir "GROOT CHRISTENE" getuig. Ek het al baie pak gekry daaroor, want hulle verstaan nie en selfs wedergeborenes, wie geen of gebrekkige kennis het, misverstaan jou gereeld en dis DAN dat mens pakkry.

Mooibly en vir u almal, hierdie week..... ***SHALOM!!!!!***